# Pierneef Gemeente
# Die Boodskapper
## 21 Mei 2023

**Kantoorure:** Ma, Wo & Vr, 8:00-16:00
**Sel:** 072 137 4407
**Epos:** kantoor@ngkpierneef.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845
**Leraar:** Ds Paullet Grobler (076 841 1568)
**Gemeente-Sekretaris:** Cecile Botha (072 137 4407)
**Jeugwerker:** Sandra Berger (061 930 6540)

**Facebook:** Pierneef Gemeente **Webwerf:** www.ngkpierneef.co.za


# *Kalender*

***21 Mei***
***9:00 Erediens en Kinderkerk***
***Prediker:*** *Ds Paullet Grobler*
***Teks:*** *Handelinge 1:1-11*
***Teebeurt:*** *Wyk C*
***Kategese en Belydenisklas na die diens***

***22-25 Mei (Maandag-Donderdag om 18:30):***
*Pinksterdiens (Sop en broodjies na die tyd)*
***28 Mei (9:00):*** *Nagmaal en Pinksterfees*

**Pinksterreeks**
**22-25 Mei (18:30)**
**Intensionele-kerkwees**

Ons gesels hierdie Pinkster oor hoe ons kan "*kerk-wees*" in vandag se tyd.
Ons gesels rondom vier doelstellings: *Viering* – Aanbid God
*Gemeenskap* – Om ons naaste lief te hê
*Kommunikasie* – Deel die Evangelie
*Kultivering* – Groei in gelykvormigheid tot Christus






## *Gemeentekamp (13-15 Oktober)*

Ons kamp weer by Riverside Paradise. Daar is ook selfsorg kamers en chalets vir die wat nie kampers is nie. Ons sal weer 'n kampgroep hê maar laat weet my (Fanus) solank by 0659634950 as julle wil saamgaan!

## Verjaarsdae




| | | | |
|---|---|---|---|
| 21/05 | Mev | Mariaan | Fourie |
| 22/05 | Mej | Nicolette | Pretorius |
| 24/05 | Mnr | André | Jacobs |
| 24/05 | Mnr | Leon | Jeffries |
| 25/05 | Mnr | Dewald | Fourie |
| 25/05 | Mnr | Henri | Raubenheimer |
| 26/05 | Mnr | Derek | De Wet |
| 26/05 | Mev | Eulali | Jacobs |
| 27/05 | Mnr | Magnus | Engelbrecht |

# *Dorkas se Kombuis*

Dankie vir elke bydrae die afgelope week ontvang: Vicks, Zambuk, Woolworths drasakke en kontant toe ek vra vir hulp om mieliemeel aan te koop.

Dankie aan die Vrouediens wie die wins van die Moedersdag verkope aan Dorkas se Kombuis skenk. Hiermee gaan ons 'n bydrae maak aan die Moot Sorgsentrum wie ons deurgaans voorsien van items soos groente, vrugte, selfs vleis en ander nie bederfbare items. Hiermee ondersteun ons RHS, gesinne in ons eie gemeente. As die voorraad dit toelaat ondersteun ons ook die broodjie projek van 'n skool in Pta- Noord wie 45 leerders op die broodjie projek het, met vrugte en onlangs joghurt.

Die skenking van Woolworths sakke is verlede week gebruik om die kospakkies vir RHS in te verpak. Die sak kan nou weer deur die gesinne vir ander doeleindes gebruik word. Dit is 'n sak om met selfvertroue te kan dra.

Ons het verlede week vir 36 gesinne voorsiening gemaak. Al 36 pakkies is afgehaal. 'n Verdere 3 gesinne het om hulp kom aanklop. Dus staan die getal op 39!

ONS VRA ASB STEEDS VIR BYDRAES VAN VICKS/ PUMA/ ZAMBUK CHEST RUB. Ons kort nog 15 houertjies. ONTHOU die Zambuk chest rub wat op special is by Checkers, 2 x 50g vir R50 ☺

*Blessings aan elkeen.*

**Bankbesonderhede: M Janeke**
**Capitec Bank, Spaarrekening**
**nr. 1651207613**

## Bosveld Mix Braaihout

**NG VILLIERIA verkoop hout - R30 vir 'n 10kg sak.**
**Meer as 10 sakke @ R25 per sak.**
**Kry by hulle kerkkantoor weeksdae van 08.30 tot 12.30.**
**Na 12.30 en naweke kontak Simon 063 596 1076.** ***Verkope is ten bate van CMR***

# *Lief en Leed*

- Philip van der Westhuizen en sy gesin.
- Ronel Rademeyer wat moet gaan vir 'n skouer en knievervanging.
- Esme wat 'n voetoperasie gehad het.
- Marius van Niekerk – kanker (familielid van Hennie Smit)
- Cathy du Plessis.

*Indien jy van iemand weet wat voorbidding nodig het, laat weet gerus die Kerkkantoor of ds Paullet. Deel ook gerus ander lief en leed met ons!*

**Wat is voorbidding?**

Daar bestaan verskillende vorme van gebed. In 1 Tim. (OAV) lees ons van smekinge, gebede, voorbedes en danksegginge. Daar is dus 'n verskil tussen gebed en voorbidding. Die voorbidder bid nie net vir sy eie behoeftes nie, maar veral vir die van ander, selfs mense wat hy/sy nie ken nie. Volgens die Hebreeus of Grieks (*paga en entunchano*) beteken voorbidding letterlik "om tussenbeide te kom", om "tussen-in te kom" of "om te ontmoet". Moses was 'n voorbidder by uitnemendheid. In Ps. 106:23 lees ons *"die Here wou hulle (die Israeliete) verdelg, maar Moses, sy uitverkorene, het by Hom vir hulle in die bres getree om sy gramskap af te keer, sodat Hy hulle nie vernietig het nie."*

Die heel beste rolmodel in die Skrif as voorbidder, was Jesus self. Hy het aan al die vereistes vir 'n voorbidder voldoen en Hy tree steeds vir ons in by die Vader (Joh. 17:20; Rom. 8:34 en 1 Joh. 2:1).